kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: Ons name in die verbygaan…

Skriflesing: Matteus 9:35-10:16

[1] EN Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle
mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om
elke siekte en elke kwaal te genees.
[2] En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon
wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die
seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer;
[3] Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die
tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat
genoem word Thaddéüs;
[4] Simon Kananítes en Judas Iskáriot, die een wat Hom
verraai het.

Broodjies vir die pad

"I am nothing special, of this I am sure. I am a common man with common thoughts and I've led a common life. There are no monuments dedicated to me and my name will soon be forgotten, but I've loved another with all my heart and soul, and to me, this has always been enough.."
— Nicholas Sparks, The Notebook

◆◆◆

"Extinguish my eyes, I'll go on seeing you.
Seal my ears, I'll go on hearing you.
And without feet I can make my way to you,
without a mouth I can swear your name.

Break off my arms, I'll take hold of you
with my heart as with a hand.
Stop my heart, and my brain will start to beat.
And if you consume my brain with fire,
I'll feel you burn in every drop of my blood."
— Rainer Maria Rilke

◆◆◆

"The future has several names. For the weak, it is impossible; for the fainthearted, it is unknown; but for the valiant, it is ideal."
— Victor Hugo, Les Misérables

◆◆◆

Elkeen by die naam geroep en van geweet

Wilhelm Jordaan

Ek het my al dikwels verbeel ek sit op 'n Sondagoggend in die kerk en hoor die predikant sê: "Gemeente, vanmôre se teksvers kom uit die vyfde evangelie – dié van PG du Plessis. Soos dit opgeteken staan in *Siener in die suburbs . . .* "

En ek verbeel verder die skok, verbasing, verleentheid, ergerlikheid en baie ander soorte emosies by sommige gemeentelede. Is die dominee nou die kluts kwyt? Dis mos kettery. Hy moet by die ring aangekla word enso(beswaard)voort.

Nog meer so as die dominee rustig voortgaan en sê hy lees voor uit die Siener-teks waar Tiemie vir Jakes sê: " 'n Mens wil nie soos 'n hond vrek nie. Jy wil van geweet wees. O, ek wou so graag van geweet wees."

Soos Tiemie, sê die dominee, het elke mens die behoefte om van geweet te wees. Dit is die mens se oudste behoefte, dat jy saak maak en nie 'n weggesteekte, ongeleeste voetnoot in die joernaal van die lewe is nie.

En dan kla die dominee homself, die gemeente en die kerk aan: Van te veel Godgetrouheid en te min mensgerigtheid; van te veel abstrakte kerkspraak en te min sigbare deernis met menslike broosheid en eensaamheid; dat ons voetnote van mekaar maak.

Die kerk, sê hy, moet meer soos 'n kroeg wees – soos in die TV-komediereeks Cheers, "where everybody knows your name". Die gemeente mor en is op hete kole . . .

Maar nou, vandag, gedenk ek PG. En die baie ander kunstenaars (skrywers, digters, beeldhouers, skilders, komponiste, sangers, filmmakers, regisseurs) wat deur baie eeue heen deur hul eiesoortige "ambag" 'n spirituele tuiste bied aan mense vir wie eng godsdienstigheid en letterlikheid verstikkend is.

Sulke kunstenaars bring aan ons klein en skuiwende loergaatjies op die Onsienlike – die God wat tegelyk ver én naby is. Daar is mense wat nee sê hiervoor. Die verdorwenheid van die kunste en kunstenaars is alombekend, sê hulle. Uit die onheilige is niks heiligs te haal nie.

Hulle is soos die biddende Salieri in die fliek Amadeus: "I was a model of virtue. That giggling, dirty-minded creature (verwysend na Mozart) . . . Why? Would God choose an obscene child to be his instrument?" En die antwoord is eenvoudig. Hy is by die naam geroep: Amadeus, God se geliefde. Soos elke mens by die naam geroep is, Goddelik van geweet word.

Ook vir die dubbelhartige mens. Soos dit uitgebeeld word in El Greco se skildery Die trane van Petrus. Petrus huil oor sy driemalige verraad ("ek ken hom nie"). Die skildery lei die kyker van 'n oorheersend donker en somber gedeelte af na Petrus se betraande oë wat, gebaai in lig, met eerbied en verwondering opwaarts kyk in die rigting van 'n God wat iewers is . . .

Om daarmee te sê: In die mens Petrus sluit donker en lig mekaar nie uit nie. Donker word 'n voorwaarde om die verlange na lig te begryp; om in die menslike die Goddelike moontlikheid te snap.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/elkeen-by-die-naam-geroep-en-van-geweet-20170613

◆◆◆

"I am alone in the midst of these happy, reasonable voices. All these creatures spend their time explaining, realizing happily that they agree with each other. In Heaven's name, why is it so important to think the same things all together."
— Jean-Paul Sartre, Nausea

Brood vir die pad

Want hulle siele woon in die huis van môre

'Praat met ons van kinders," vra " 'n vrou wat 'n baba teen haar bors vasdruk" van "die profeet" in Kahlil Gibran se beroemde werk met dié titel.

Dié Libanees-gebore skrywer is van die mees gelese digters ter wêreld. Ook *Die profeet* sou sedert Louis Fourie se eerste Afrikaanse verwerking in 1955 talle uitgawes en herdrukke belewe.

Wanneer die skip wat die profeet Almustafa sal wegneem ná sy jare van verblyf onder hulle eindelik op 'n môre land nader, stroom bewoners van oral, uit landerye en wingerde, om vir oulaas na hom te luister – wat hom betref dalk die éérste keer, want hulle het hom nooit werklik waardeer terwyl hy onder hulle was nie.

Maar nou soebat hulle hy moet vertoef, nie weggaan nie, nógeens met hulle praat. Hulle vra na allerlei sake, waaroor hy dan, een vir een, mediterend mymer.

Julle kinders is nie júlle kinders nie, begin hy. Hulle kom deur julle maar nie van julle nie en al is hulle by julle behoort hulle nie aan julle nie.

Julle mag hulle julle liefde gee, maar nie julle gedagtes nie, sê hy, want hulle het hulle eie gedagtes.

Julle mag hulle liggame huisves, maar nie hulle siele nie, dié woon in die huis van môre wat julle nie kan besoek nie, nie eens in julle drome nie.

Julle mag strewe om soos hulle te wees, maar moenie probeer om hulle soos julle te maak nie, want die lewe beweeg nie agteruit nie, nog minder vertoef dit met die dag van gister, sê hy.

'n Metafoor help illustreer. Kinders is soos pyle, hulleself die boog. Die Boogskieter skiet dié lewende pyle op hulle eie paaie van oneindigheid, maar die boog bly agter. Hulle mag egter met blydskap toelaat dat hulleself gebuig word in die hand van die Boogskutter, sodat "Sy pyle vinnig en ver mag trek", want "nes Hy die pyl wat vlieg liefhet, so het Hy ook die boog lief wat bestendig is", wat die pyle vrylaat op hulle eie vlug.

Dit herinner aan 'n ánder profeet, lank tevore, woorde wat Gibran goed sou ken. Op Pinksterdag haal Petrus Joël aan dat in die laaste dae seuns en dogters sal profeteer en jongmense gesigte sien (Hand. 2:16-17). Wat voorlê en kom is die jeug se dag, ons oueres vertoef met die dag van gister. Ons mag wel strewe om soos hulle te wees, om by hulle te leer, maar ons moet hulle nie soos ons wil maak nie. Hulle siele woon in die huis van môre, wat ons nie eens kan besoek nie. – DJS

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/want-hulle-siele-woon-in-die-huis-van-more-20170609

◆◆◆

"Forgiveness is the name of love practiced among people who love poorly. The hard truth is that all people love poorly. We need to forgive and be forgiven every day, every hour increasingly. That is the great work of love among the fellowship of the weak that is the human family."
— Henri J.M. Nouwen

"Music . . . can name the unnameable and communicate the unknowable."
— Leonard Bernstein

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877